Konsortium MERINO




## RAADGEWERSOOREENKOMS

**Hiermee word ooreengekom dat Konsortium-Merino (Edms) Bpk 'n raadgewersdiens aan ondergenoemde kliënt sal verskaf op 'n jaar tot jaar basis vanaf __________________________________**

**Naam:** __________________________________ **ID:** ________________________

**Adres:** ____________________________________________________

**BTW no:** ________________________ **Epos:** ______________________________

**Tel no:** ________________________ **Sel no:** ______________________________

Die doel met die raadgewersdienste is om 'n hoogs produktiewe veekudde te vestig, wat tot ekonomiese groei sal lei.

Met die ondertekening van hierdie ooreenkoms onderneem die partye om:

### 1. Konsortium-Merino

- Jaarliks, 'n volledige kudde-evaluasie van die kliënt se skaap te doen;
- Jaarliks, 'n speenlam-evaluasie en/of jongooi-evaluasie te doen;
- Jaarliks, die kliënt se rambehoeftes te bepaal;
- Jaarliks, die kliënt se kuddebestuursprogram te evalueer en aanbevelings te maak;
- Jaarliks, die kliënt se skaap te evalueer om moontlike diere te identifiseer, wat onder die Konsortium-Merino handelsmerk bemark mag word;
- Aan die kliënt die geleentheid te gee om goedgekeurde skaap onder die Konsortium-handelsmerk te bemark;
- Aan die kliënt 10% afslag te gee ten opsigte van sy/haar ramaankope by Konsortium-Merino;
- Jaarliks, in samewerking met die kliënt, sy/haar kudde se prestasie te bepaal aan die hand van 'n rekenaarmodel, wat ook groepgemiddeldes sal bereken;
- Alle inligting en data as hoogs vertroulik te beskou, en geen inligting - sonder toestemming - aan enige persoon/instansie te verskaf nie;
- Aanvaar die beraamde koste word aanvaar, indien daar nie binne 14 dae van die kliënt verneem word nie;
- Geregtig sal wees om gedurende die jaar, in oorleg met die kliënt, 'n aanpassing in die beraamde koste te maak;
- Aanvaar dat die kontrak voortgaan indien die kliënt nie skriftelik kennis gee voor die begin van die volgende termyn nie.

### 2. Die kliënt

- Die raadgewer in staat te stel om 'n kudde-evaluasie te doen;
- Akkurate inligting te verskaf om sy/haar kudde se prestasie te meet;
- Alle inligting of ontledings van groepgemiddeldes, deur Konsortium-Merino gedoen, as vertroulike inligting te beskou;
- Jaarliks of half-jaarliks die fooi, soos in paragraaf 3 uiteengesit, vooruit te betaal.
- Rente te betaal op die bedrag verskuldig, teen die maksimum koers soos van tyd tot tyd ookal voorgeskryf in terme van die Woekerwet, Wet no 73 van 1968, soos gewysig. Welke rente betaalbaar is vanaf datum van versuim tot datum van finale betaling - indien hy/sy versuim om aan die paragraaf hierbo te voldoen.

### 3. Jaarfooi

- Die raadgewersdiens word gelewer teen R6 per ooi (BTW uitgesluit) en die kontrak word jaarliks hernieu;
- 'n Afslag van 10% word toegestaan indien die kliënt die jaarfooi vooruitbetaal;
- Reiskoste en normale telefoniese kommunikasie is ingesluit in bostaande prys.

### 4. Vrywaring

- KONSORTIUM-MERINO (EDMS) BPK sal onder geen omstandighede aanspreeklik wees vir spesifieke, toevallige, gevolglike, direkte of indirekte, of ander soortgelyke skade, wat voortspruit as gevolg van die raadgewersdiens wat verskaf word nie - selfs nie in die geval waar KONSORTIUM-MERINO (EDMS) BPK of sy verteenwoordiger, vooraf van so 'n moontlikheid van skade ingelig was nie.

Getal produserende ooie________________ Jaarfooi ☐ 6 Maandeliks ☐

________________________
Konsortium-Merino (Edms) Bpk

Datum:____________________

________________________
Kliënt

Datum:____________________